**14 Maart**

**“Gee ag en lewe getroos”**

**Skrifgedeelte: Eksodus 15:20-27**
**Fokusgedeelte: Eksodus 15:25b, 26**

Hoe word ons nie elke dag rondgeslinger tussen verskillende omstandighede en die gepaardgaande emosies nie!

Israel is pas deur die Skelfsee gelei. Moses en Mirjam besing die lof van die Here. Dan volg daar ’n waterlose reis van drie dae tot by Mara. Daar is wel water, maar dit is bitter. Die Here maak die water deur middel van ’n stuk hout soet. Deur die lei van die Israeliete tot die bitter water en die soet maak daarvan, wil die Here aan die volk wys dat Hy hulle altyd sal rig en regeer. Die volk kan dus altyd op God reken vir hulp en verlossing van elke moeilikheid.

Die groot aantal werkwoorde wat hiermee gepaardgaan, is veral opvallend: “Julle moet goed LUISTER na wat Ek die Here julle God sê! Julle moet DOEN wat reg is in My oë, GEHOOR GEE aan my gebooie en alles DOEN wat Ek vir julle voorskryf.”

Israel, verlos van Egipte, op droë grond deur die Skelfsee gelei, ontvang ’n vaste reël, vol werkwoorde – *luister, doen, gee gehoor, doen*.

Ons word gered net deur die geloof. Tog is geloof sonder werke dood. Hoe gaan ons met al die gawes wat ons van God ontvang het, ons geloof deur liefde tot dade laat oorgaan? (Gal.5:6)

Dink prakties vir wie u vandag iets kan beteken deur ’n besoek, telefoonoproep, of as u nie tyd het nie, ’n gebed!

*Sing: Ps 107:2, 4 (Totiusberyming)* *Ds. Simon Hibbert (Koster)*